POLICY 045/2017 RAADSBELEID

SUBJECT/ONDERWERP: **OORSKAKELING VAN BOGRONDSE ELEKTRIESE AANSLUITINGS NA ONDERGRONDSE AANSLUITINGS**

REFERENCE/VERWYSING: **16.2.B**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **13.4/04.2017 (RV)** DATE/DATUM: **25 April 2017**

BELEIDSOOGMERK: Om die werkswyse en koste toewysing, vir gevalle waar bogrondse aansluiting met ondergrondse aansluitings vervang word, te reguleer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Om dit vir die Raad en sy elektriese kliënte moontlik te maak om uitgediende, onveilige of ongewenste bogrondse elektriese aansluitings met ondergrondse aansluitings te vervang.

RIGLYNE

1. Vir gevalle van (i) uitgediende bedrading op ‘n perseel, (ii) groter stroom aanvraag weens verandering van aktiwiteite op die perseel of (iii) versoek deur die verbruiker, is die verbruiker verantwoordelik vir die betaling van die aansluitingskoste om ‘n bogrondse aansluiting met ‘n ondergrondse aansluiting te vervang. Indien die munisipale stelsel in die toekoms ondergronds geplaas word, word geen verdere betaling van die verbruiker vereis nie.

2. Vir gevalle dat die Raad ‘n bogrondse stelsel met ‘n ondergrondse stelsel vervang, is die Raad verantwoordelik vir die koste van die stelsel tot by die aansluitingspunt op die erfgrens en die verbruiker vir die koste van die verandering aan die installasie op die perseel.

3. In alle gevalle moet die werk op die perseel deur die verbruiker se elektriese kontrakteur gedoen word, wat ‘n Sertifikaat van Nakoming daarvoor moet uitreik.

PROSEDURE

Die volgende stappe moet gevolg word om die beleid toe te pas:

1. Die party wat die omskakeling verlang, moet die ander party nader om die reëlings te tref.

2. Die tegniese aspekte van die werk moet, in terme van die regulasies en verordeninge, tussen die partye ooreengekom word.

3. Die party wat die koste moet dra, moet voorsiening daarvoor maak. Indien die Raad koste wat deur die verbruiker gedra moet word, moet aangaan, moet die beraamde bedrag vooruit aan die Raad betaal word. Die finale koste sal by voltooiing bepaal word. Indien dit meer as die betaalde bedrag is, sal die verskil verhaal word en indien dit minder is, sal die verskil terugbetaal word.

ROLLE
Die Distribusie Afdeling van Elektriese Dienste.

VERWANTE BELEID
Geen

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.